Ithumela

LEKKER WEGBREEK OP GAUTENG SE VOORSTOEP

Ithumela Bass Farm is baie ideaal geleë in Buffelsdrift, 'n private bewaringsgebied in die groter Dinokeng-omgewing naby Roodeplaatdam waar dit ook aan die Pienaarsrivier grens. Dit is sowat 20 minute se ry vanaf Pretoria-sentraal en ongeveer 50 minute se ry vanaf OR Tambo Internasionale Lughawe. Die plek is malariavry en bied jou 'n ongelooflike gevoel van vryheid en rustigheid sonder om totaal van die buitewêreld afgesluit te wees. Selfoonopvangs is dus geen probleem nie. Daar is 'n faksmasjien en landlyn by die kantoor beskikbaar as jy 'n werklike krisis beleef.

deur Steven Hermitage

Daar is drie netjiese, volledig toegeruste selfsorg-wooneenhede op die perseel, elk met 'n oop-plankombuis, eetkamer en sitkamer. Die hoof-slaapkamers het hulle eie badkamers en storte terwyl die tweede kamer 'n private stort en bad-kamer het. Elektriese komberse, linne en handdoeke is inge-sluit. Elke eenheid het sy eie unieke tema met ou foto's en meubels wat 'n mens se gedagtes na vergange tye laat dwaal. Die eenhede het elk hul eie braaiplek en 'n bedekte binnehof waar jy gesellig saam met familie en vriende kan kuier. En dit alles midde-in 'n rustige watertuin. Die selfuitgelegde riviertjie kronkel die hele tuin deur met bruggies en beeldjies van diere en watervalletjies wat orals te sien is. Die hele perseel is met pragtige groot bome en grasperke bedek.

Steven se grootste baars het 1,25 kg geweeg.

Een van die nege damme.

Juandré se een bloukurper het 1,9 kg op die skaal getrek.



Lekker braai onder die bome.

Ithumela se ingang

Daar is nege hengeldamme en die Pienaarsriviergedeelte is binne loopafstand van die wooneenhede. Behalwe in die rivier moet alle vis wat in die damme gevang word weer vrygelaat word. Ek het geelvis, baber en groot kurpers in die rivier gesien en sal beslis by 'n ander geleentheid graag daar wil hengel. Die damoewers is almal met gras bedek en is baie gerieflik as jy daar wil sit en wag vir 'n lynsku vis om te byt. Die damme is van bloukurper, swartbaars en reënboogforelle voorsien. Groot karpe is ook daar waargeneem. Weens die waterryke omgewing en die plantegroei is daar ook nie 'n tekort aan voëllewe nie. Die omgewing verleen hom uitstekend tot voëlkyk – daar is meer as 240 soorte. Ithumela is ook 'n rehabilitasiesentrum vir blouape.

Ek, my seuns Steven en Juandré, en 'n vriend, Charles Herrington, het middel-September 2010 'n dag daar spandeer. Omdat die barometer wipplank gery het die week voor ons daar was en die wind sterk gewaai het die vorige aand, was ek aanvanklik skepties en het vermoed dat dit alles sou meewerk om die vis van die byt af te haal. Vroeg-oggend het ons gesukkel en aanhou probeer terwyl ons die visgedrag noukeurig dopgehou het. Ondanks die vooraf-gaande weerstoestande het ons later die oggend steeds mooi vis gekry toe die wind bedaar en die son behoorlik sy ding gedoen het.

Dit was verblydend om die hoeveelheid klein vissies in die damme te sien. Daar was groot kurpers en swartbaars maar hulle het geweier om ons aanbiedinge te vat. Die kurpers wou nie regtig hoek vat nie omdat hulle besig was om te broei. Ek en Juandré het daarin geslaag om 'n paar mooi kurpers in die 1 kg- tot 1,90 kg-klas met nommer 1 Black Fury-swaailemme en klein Dam Effzett-koperle-peltjies te flous. Ons het ook swartbaars van 150 g tot 1,35 kg-klas aan die lyn gekry op klein loodkoppies met Curleytails aan. Geel, swart en wit het baie goed vir ons gewerk mits dit met baie ligte gerei stadig op die bodem gehengel is. Kurpers en swartbaars floreer werklik daar en ek glo op 'n meer geskikte dag sal daar beter vangste gemaak kan word. Ithumela sien my beslis weer!

Erdwurms werk baie goed, maar die klein kurpertjies is so gretig dat die groter kurpers byna nie 'n kans staan om by die aas uit te kom in die boonste vier damme nie. As jy jou kinders besig wil hou, is genoeg erdwurms 'n móét om saam te neem. Jy gaan sukkel om die jongspan daar weg te kry. Vlieghengel is ook groot pret in die damme en met 'n bietjie meer geduld gaan jy gou die slag kry. Die San Juan-wurm nr 10 en die Ivans Spinnekop nr 10 het baie goed gewerk om die kleiner kurpertjies en swartbaars te flous wat graag insekte wat in die water val, vreet.

Die plaas is 'n wonderlike ervaring letterlik op jou voorstoep wat beslis ervaar moet word. Besprekings is noodsaaklik en moet vroegtydig gedoen word by Sarel Koen of sy dogter Laetitia Koen, selfoonnommer: 084 222 0001. Pryse is billik en baie kompeterend. Dagbesoekers word ook toegelaat. Besoek Ithumela se webtuiste by www.ithumela.co.za vir verdere navrae en besprekings. GPS-koördinate tot by die hek is: S25 35.149 E28 20.099.